




RYNIENUUS

LAERSKOOOL RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



GROETE AAN AL DIE RYNIES!

Juniemaand het aangebreek en ons is nou amptelik in die Winterseisoen. Temperature het reeds begin daal en ons sien uit na lekker sonnige wintersdae en stomende sop-aande. Maak asseblief seker dat u kind/ers warm aangetrek is vir die winter.



Winter is ook bekend vir siektes soos griep, verkoue en selfs nog Covid. Ons doen 'n beroep op ouers om siek kinders eerder tuis te hou om te verhoed dat maats in die klas aansteek. Handig ook doktersbriewe in as u kind afwesig was en skakel met die graadhoofde indien u agterstallige werk wil bekom.



Na hierdie week is daar nog 3 weke oor voordat die skole sluit vir die wintervakansie op Vrydag 27 Junie 2025. Ons is volstoom aan die gang met die eksamen terwyl daar nog etlike buitemuurse aktiwiteite is wat afgehandel moet word soos rugby- en netbaluitspele.



RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



Baie geluk aan ons Cheerleading span wat die afgelope Saterdag bekroon is as Provinsiale kampioene, ons is trots op julle! Sterkte aan al die sportspanne wat nog by uitspele betrokke is.



PERSONEEL:

Ons wens **Mnr. Jaco van den Heever** en sy vrou, **Sharazan** baie sterkte toe met hul deelname aan die **Comrades Marathon** eerskomende Sondag 8 Junie.




RYNIES PRESTEER:

Nelissa Scholtz in graad 3 het die afgelope naweek twee 2de plekke in acro gymnastics in haar duo en trio behaal.



Declan Jurgens in graad 6 het die afgelope Sondag 1 ste plek in die Rotax in KZN Kart Club Regional behaal.



Kaylee-Lundberg in graad 7 het 1ste plek by twee gholftoernooie in die reeks van die “Wanna Be A Champion” kompetisie op 18 Mei en op 1 Junie 2025 behaal. Hierdie is deel van 'n reeks van 5 toernooie. Ons hou styf duim vas vir die vlg datums: 21 – 22 Junie; 13 Julie en 27 Julie 2025. Buiten gholft het sy ook gemeenskaps-diens gedoen by Homestead Helpers Benoni vir 'n modevertoning. Kaylee ons is baie trots op jou!



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



KARRI-TOEP

Die Finansiële komitee van die Beheerliggaam het na deeglike oorweging besluit dat die Karri-toep voortaan (vanaf 1 Mei 2025) sal dien as Laerskool Rynfield se amptelike wyse van betaling vir uitstappies, toere en ad hoc-heffings. Slegs skool/kleuterskool- en nasorgfondse sal steeds deur die bestaande kanale (debietorder of elektroniese betaling) behartig word.

U sal per e-pos of met 'n kennisgewing op die Karri-toep ingelig word wanneer u 'n betaling moet maak wat op u kind(ers) van toepassing is. Alle betalings word aan u kind(ers) se toelatingsnommer gekoppel. Baie dankie aan ouers wat reeds, met die proeflopie, die Slipperdag ondersteun het. Rynies het R21 000 ingesamel.

LAAI DIE TOEP AF:

Volg die stappe hieronder om die toep af te laai en te aktiveer:

- Laai die Karri-toep van Play Store/App Store op u foon af.
- In Karri, kies "Sign Up" en registreer met dieselfde e-posadres as wat die skool gebruik om met u te kommunikeer.
- Volg die instruksies om die registrasie te voltooi.
- Onder "Connections", maak seker dat u kind(ers) aan u profiel gekoppel word.
- Kies 'n "Payment Method" onder "Profile", sodat u kaart aan die toep gekoppel is.
- U kan in die profiel ook u voorkeurtaal na Afrikaans verander.

Volg die volgende prosedure indien u per ongeluk 'n betaling oorslaan:

1. Gaan na die Insamelings-opsie onderaan die skerm.
2. Klik op "opkomende gebeure/insamelings" bo-aan jou skerm.
3. Kies die "oorgeslaan/afgekeur"-opsie.
4. Klik op die inskrywing wat u oorgeslaan of afgekeur het.
5. Klik op die "undo"-pyltjie langs "oorgeslaan".



Vir enige navrae wat die aflaai of gebruik van die toep betref, kan u Karri-toep se kliëntediens kontak by 021 300 1867, 'n e-pos stuur aan support@karri.co.za, of bloot na die webtuiste <https://www.karripay.com/> gaan. Vir enige ander finansiële navrae, kan u me. Lenie van Zyl by debiteure@rynfieldlaer.co.za kontak.



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



GR. 1 - 2026 AANLYNINSKRYWINGS



Ons inligtingsaand is op
Dinsdag, 22 Julie 2025 @
17:00 vir alle voornemende
Gr. 1 - 2026 ouers.

www.gdeadmissions.gov.za



**Indien u onseker
is of enige navrae
het kontak
asseblief vir Sonja
by Ontvangs.**

MEDIASENTRUM:

Goeie nuus! Ons mediasentrum is amper gereed! Ons benodig nog 'n paar items vir ons Temaboekrakke. Indien daar leerders is wat dit vir ons kan skenk sal ons dit baie waardeer. Tweedehands is perfek, dit hoef nie nuut te wees nie:

- Plastiese speelgoeddiertjies (waarmee maats nie meer by die huis speel nie).
- Aardbol.
- Teddies wat soos diere lyk.
- Plastiese plante.





KLEUTERSKOOLO

LAERSKOOLO RYNFIELD



Kleuters wat vir optredes ingeskryf het:

9 Junie 2025
Laerskool Rynfield Skoolsaal

CON SPIRITO

20
Jaar/Years

GEESDRIF

09:00 - 11:00

Daar is geen spesifieke tydgleuf vir elke kleuter nie. Ons vra dat ouers asb. vir die hele sessie teenwoordig sal wees.

Kleuters kan enige netjiese drag aantrek.

"Vrydag is my dag, want dis...."

Lekkerbek-Vrydag!"

Daie dankie aan al ons maats vir die bederf!
Dit was smullekker!





SPORT

LAERSKOOI RYNFIELD



RUGBY UITSLAE

vs.

Laerskool Kruinsig

O/9 A 3 vs 54 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG	O/9 B 12 vs 19 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG
O/10 A 19 vs 7 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG	O/10 B 5 vs 15 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG
O/11 A 7 vs 12 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG	O/11 B 0 vs 5 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG
TWEDE SPAN 14 vs 5 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG	DERDE SPAN 7 vs 22 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG
EERSTE SPAN 8 vs 19 L/S RYNFIELD L/S KRUIINSIG	

MINI-HOKKIE:

Ons nooi alle belangstellende dogters van Gr. 1 - 3 uit na ons mini-hokkie-proewe op 17, 18 en 19 Junie. Die proewe word in skooltyd gehou. Trek gemaklike oefenklere aan, en bring jou skoolklere saam. Onthou jou hokkiestok en tekkies! Hou asseblief die klasgroepe vir meer inligting dop.

TENNISOEFENING

VIR DIE GR4 -7 LEERDERS WIE DIE PROEWE EN VORIGE OEFENING BYGEWOON HET.

Geen snoepie is beskikbaar nie. Bring asseblief eie eet en drinkgoed.

VRYDAG 6 JUNIE 2025
13:30 - 15:00
BENONI NORTHERNS SE
TENNISBANE

VIR ENIGE ANDER NAVRAE IS U MEER AS WELKOM OM 'N BOODSKAP BY ONTVANGS TE LOS.
JUFFROU SAL DAN TERUGKOM NA U TOE.



NETBAL

LAERSKOOl RYNFIELD



LAERSKOOl RYNFIELD
NETBAL
EKURHULENI UITSPELE
0/13 A

- DATUM: 6 EN 7 JUNIE
- PLEK: EG JANSEN

RATELTAAI!

TROTS!

STERKTE EN DOEN NET JOU BES!

Laerskool Rynfield
NETBAL NETBAL NET
Superliga uitslae
2025

0/10 A - 3de
0/10 B - 2de

0/11 A - 4de
0/11 B - 6de

0/12 A - 2de
0/12 B - 4de

0/13 A - 5de
0/13 B - 5de

Baie geluk aan al ons spanne. Ons is baie trots op julle!

TROTSE BORG VAN
ONS NETBAL



Het jy 'n markontleding nodig om jou eiendom se waarde te **BEPAAI?**

010 442 9875
 083 785 3447

RE/MAX DAZZLE
 BOKSBURG | BENONI | KEMPTON PARK

SCAN

MARKWAARDE

WWW.REMAXDAZZLE.CO.ZA



CHEERLEADING

LAERSKOOl RYNFIELD



Cheerleading Provincials



Stunt-groep 3de



Performance Cheer 2de

Cheer Provincial Wenner



2025



**Baie geluk
dogters.**

Ons is baie

trots op

julle!





KULTUUR

LAERSKOOLO RYNFIELD



KULTUUR:

Interskole Redenaarsliga.

Baie dankie aan elke Rynie was ons skool verteenwoordig het van vroeg oggend tot vroeg aand op Saterdag 31/5. Die uitslae lyk goed en ek is baie trots op julle. Ons wag steeds om te sien of van ons maats en spanne na die landsfinaal in September deurgaans.

Public Speaking:

Almal wat gereed is om te begin oefen vir die optredes in Julie, veral dié spanne moet so gou moontlik begin oefen asb.

Kultuur-groete, Juf. Barbara

Gr. 1



Gr. 2



Gr. 3





KULTUUR

LAERSKOOI RYNFIELD



Gr. 4



Gr. 5



Gr. 6



Gr. 7





NASKOOL

LAERSKOOLO RYNFIELD



Eksamen:

Die einde is in sig! Hou moed en maak seker jou leerwerk is reg ingepak.

Ekstra Studieklas:

Die studiekelesse sal Maandag tot 'n einde kom omdat leerders Dinsdag, 10 Junie die laaste vak skryf.

Kleredrag:

Maak asseblief seker dat leerders warm klere ingepak het.

NASKOOL SPYSKAART:

- Maandag 9/6: "Russian"-rolletjies
Dinsdag 10/6: Sop + broodjie
Woensdag 11/6: "Spaghetti-bolognaise"
Donderdag 12/6: Hamburgers
Vrydag 13/6: Verrassing!
- Elke dag vrugte en sap



SNOEPIE SPYSKAART:

- Maandag 9/6: "French toast"
Dinsdag 10/6: Pasteie
Woensdag 11/6: Melkkos
Donderdag 12/6: "Nuggets+Chips"
Vrydag 13/6: Hamburgers



TEN SLOTTE

LAERSKOOOL RYNFIELD



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

Johan Jacobs & Malcolm Moodie Inc



Chris Jacobs
Director



Tanya Jacobs
Director

JJMM was established in 1972, and we have since then cultivated ourselves as a trusted legal partner in the East Rand with more than 50 years of experience.

We provide legal services to financial institutions, local authorities, developers, estate agents and private individuals.

What we do

Property Law

We specialise in:

- Property Transfers
- Bond Registration
- Bond Cancellations
- Sale Agreements (Offer to Purchase)
- Registrations In the Deeds Office
- Transfer Processes

Wills & Estates

We specialise in:

- Drafting of Wills
- Updating of Wills
- Estate Planning
- Administration of Deceased Estates
- Executorship

Contracts & Agreements

We specialise in:

- Offer to Purchase
- General Power of Attorney
- Special Power of Attorney
- Antenuptial Agreements

So, You're the seller?

At JJMM, we bring years of experience, a dedicated team, and a commitment to excellence. Our goal is to handle the legal side of things while you focus on what comes next.

This is a big moment, and we're here to make sure everything runs smoothly from start to finish.

Sit back, relax, and let us take care of the rest!

Contact Details

Chris Jacobs
011 394 8265
chrisj@jjmm.co.za

Tanya Jacobs
011 394 8265
tanya@jjmm.co.za

Lara Kolm - Office Manager
011 394 8265
Lara@jjmm.co.za



Johan Jacobs & Malcolm Moodie Inc.
ATTORNEYS | NOTARIES | CONVEYANCERS

**TROTSE BORG VAN
ONS NETBAL**





ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



Allseason rugby
akademie



Skryf nou in!

Al die spelers word ingedeel in klein groepe om genoeg aandag aan elke speler te bied.

oefeninge sluit in:

- Kondisionering
- Hantering
- Verdediging
- Skopvaardighede

Kontak Mnr. Michael
vir
meer
inligting!

Oefeninge is elke Vrydag middag na skool.
R 300 per maand

Ons fokus op oefening wat die spelers ontwikkel en beter rugbyspelers maak wanneer hulle by "grootveld rugby" kom.



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD

*Join the 4th Annual
Ward 27*

KEEP *the* FURBABIES WARM *with a twist*

Our 4th Annual collection is slightly different this year.

Please help me collect blankets, Dog food (Adult and Puppy) and Cat food (Adult and Kittens) for our local animal shelters.

As well as Beanies, Scarfs, Socks and "knee" blankets for our Childrens Homes (Ages 6 months - 18 years)

We have 4 Drop Off Zones this Year:

Northmead:

Stockton Property Consultants
77 4th St

ERSC Training & Tactics
111 5th Ave

Rynfield:

Mr Jeff Laundry & Self Service
106 Pretoria Rd

The Bistro
35 Miles Sharp

Collections can also be arranged

DROP OFF BY: 1 JULY 2025











ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

ACE IT TUTORING

Werk hard vandag vir n beter more

Ekstra klasse wat ons aanbied:

- Afrikaans en Engels (GR R-12)
- Wiskunde (GR R-12)
- Ander vakke (GR 4-12)

Lesse Kan in Afrikaans en Engels gegee word

Maandae - Vrydae
(14:00-18:00)

Waar om ons te vind:

71 Glen gory rd, Norton Home estates, Benoni north

Kontak ons:

Lucy:066 258 9167
robbertze68@gmail.com



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



WRESTLING
BENONI CLUB

START WRESTLING TODAY

CONTACT US

083 709 8941
36 Struben st, Rynfield, Benoni
benoni_wrestling

ABOUT US

Our mission is to create a positive and supportive environment where kids develop elite wrestling techniques, skills and healthy mindset empowering them to reach their fullest potential on the mat and in life.